
JEUG, WAT ALLES VERGEWE WORD,
VERGEWE HOMSELF NIKS NIE.

– George Bernard Shaw





# 1
# HARTSEER SOOS 'N BERG

Hoekom gebeur sulke goed altyd met hom? wonder Dewie Koster. Hy laat gly sy skooltas van sy rug af. Dit maak 'n dowwe geluid op die teëls van Firdale Heights se bruggie. Weer voel Dewie deur sy baadjiesakke. Maar steeds kry hy nie die sleutels nie. Hy hoop nie hy het dit by die skool verloor nie. Dis nou die laaste ding wat hy nodig het.

Uiteindelik kry hy iets in sy broeksak. Nie die sleutels nie.

'n Gat!

Hy woel sy vinger daardeur. Die vingerpunt raak aan sy koue bobeen. Dan hét hy die sleutels verloor.

Flippit, dis nou 'n gemors. Hy het nie lus om buite op die brug voor die hoë woonstelblok te sit en wag nie. Dis koud en reënerig. Sy ma is nog by die werk. Hy weet nie hoe laat sy vandag klaarmaak nie. Sy gaan dalk nog eers winkels toe ook.

Hy kan nie eens by die woonstelle se ingangsportaal inkom nie. Daarvoor het hy 'n elektroniese skyfie nodig. Hy voel nogtans aan die deur. Dis beslis toe.

Met sy hande bak om sy kop, loer Dewie deur die glasdeur. Daar is nie 'n siel binne in sig nie.

Weer vloek Dewie sag. Maar meteens verskyn 'n refleksie in die glas. 'n Vrou staan agter hom. Woordeloos laat gly sy

haar toegangskyfie oor die elektroniese leser teen die muur. Klik! maak die voordeur.

Die vrou stap haastig in. Dewie raap sy tas op. Toe gryp hy die deur voor dit weer toeslaan. Ten minste is hy nou binne, uit die koue. Nie dat dit hom veel help nie. Hy is nog uit die woonstel gesluit.

Tensy ...

Dewie se kop draai na die eerste woonsteldeur in die gang. Dis waar Firdale Heights se opsigter bly.

Oomblikke later staan Dewie by die deur. Hy trek sy vingers gou deur sy donker hare. Sy bergbruin oë blink. Hy pak solank sy mooiste glimlag uit toe hy klop.

Die ou omie wat die deur oopmaak, werk al jare lank by Firdale Heights. Hy trek sy oë skrefies teen die lig. Toe gee hy ’n slymerige hoesie en vee sy hande aan sy oorpak af. Die pak se bolyf is afgetrek om sy heupe. Sy moulose onderhemp hang los aan sy maer skouers. Dis waar die ou tronktatoeëermerke sy vel vlek. ’n Twee op sy regterskouer en ’n ses links. Die ses-en-twintig is ook op sy gewrig geïnk. Die werk by die woonstelle was sy tweede kans in die lewe, het hy op ’n dag vir Dewie se ma gesê. Maar oor die eerste lewe praat hy niks nie.

“Oom Clint, hallo. Skuus ek pla,” trek Dewie sommer los. “Ek het my sleutels by die skool verloor. Ag, kan ek asseblief gou Oom s’n leen?” Dewie pluk die binnekant van sy stukkende sak uit om te wys hy praat nie nonsens nie.

Oom Clint kyk na die omgedopte sak. Hy vee ’n broodkrummel by sy mondhoek weg. “Kan jy niks oppas nie?”

“Jammer, Oom.”

“Julle laities van vandag.” Hy sug. “Ek sal kom oopsluit.”

“Dis nie nodig nie,” keer Dewie vinnig. Hy druk die omgedopte sak terug. “Ek kan dit doen. Belowe ek sal gou maak. Ek

bring die sleutels nou terug. Ek wil net inkom. Dit lyk my Oom eet. Ek wil nie lastig wees nie."

Oom Clint se oë vernou weer. "Jy ... en jou ma ..."

Dewie byt sy lip vas. Hy onthou om te glimlag. Pak jou tande uit, sê hy vir homself en doen dit ook. 'n Glimlag bring jou ver. 'n Grappie op die regte tyd ook.

"Dankie dat Oom my help."

"Ek het nog nie gesê ek gaan nie," brom die ou man. Maar hy kry tog sy sleutels. Hy soek die regtes en haal dit van die ring af. "Jy bring dit terug, hoor jy?"

"Natuurlik, Oom!"

Met die sleutels in sy hand draf Dewie die trappe op. Daar is 'n ou hysbak ook, maar hy verkies die trappe. Dis gouer, veral as jy jou treë rek en meer as een trap op 'n slag klim.

By die tweede vloer val 'n gordyn skielik by een van die woonstelvensters toe.

"Hallo, tannie Revona!" roep Dewie. "Tannie moet lekker loer." Sy het seker sy harde voetstappe op die trappe gehoor. Partykeer wonder Dewie of sy heeldag in haar woonstel dwaal en loer en luister.

Die boonste vloer is waar Dewie-hulle bly, die woonstel heel onder in die gang. Hy draf soontoe, maar sy pas word stadiger soos hy die plek nader. Dis asof 'n benouing om sy hart kom lê. Elke keer gebeur dit.

Hier is waar hy en sy ma bly.

Maar agter daardie deure is waar hulle hartseer soos 'n berg lê.

----

Dewie sluit die veiligheidsdeur oop. Toe druk hy die ander sleutel in die voordeur se slot. Hy stoot die deur oop. Die reuk

tref hom eerste. Dis soos 'n doodsreuk. Iets wat aan die vrot is. Maar ook iets waaraan hy al gewoond is.

Wanneer jy verby die reuk kom, tref die volgende aanslag jou.

DIE GOED.

Die berge en berge en berge goed.

Teen die gangmuur staan bokse opeengestapel. Jy moet skuins draai om daar verby te kom. En steeds versigtig wees, want iets kan bo van die bokse affoeter. Dalk 'n lamp, 'n pak tydskrifte, skoene. In die sitkamer is net die TV en 'n deel van die venster nie toegepak nie.

Dit verswelg jou, hierdie goed. Iets in jou moet doodgaan om daarin te kan lewe.

Ou koeverte wat sy ma, Lerina, nie wil weggooi nie. Papiere en fotostate van papiere. Foto's – skoenbokse en albums vol. Dubbele foto's vir ingeval iets met die oorspronklikes gebeur. Negatiewe van foto's. Boeke – stowwerig en oud en ongelees. Sy ma het kratte vol daarvan op 'n boedelveiling gekoop. Waterbesems om die vensters mee te was. Lappe. Speelgoed. Plastiekbakke. Nog plastiekbakke. Ysbakke. Mikrogolfbakke. Kosbakke. Klere – in die sitkamer. Dit hang aan rakke, hang oor bokse, hang aan die gordynreling.

Dit druk jou vas, hierdie goed.

Nog in die sitkamer: 'n ou oefenfiets wat sy ma nog wou ry. Oor die fiets hang komberse. Steeds splinternuut – op 'n uitverkoping gekry, want sy kon nie die versoeking weerstaan nie. "Dis dan so goedkoop. Mens kry dit nooit weer teen daardie prys nie."

Daar is omtrent geen plek meer om te sit nie. Die banke het 'n pakplek geword vir 'n ou voëlhok, volgestop met lappe, pakkies petuniasaad en 'n sak vol mosaïekteëls. Ook op die

bank is bottels groen, gemufte konfyt, potplanthouers, tasse vol drade van ou selfone en rekenaars, kwasse, nog fotostate, handdoeke, skoolboeke.

Op die vloer gestapel, is houers vol skêre, potlode, penne wat nooit weer sal skryf nie, penne wat nog nooit geskryf het nie. Uitveërs. Krammasjiene. Kramverlossers – vyf daarvan, want dalk verloor jy een, dan het jy 'n ander een. Sambrele wat op uitverkoping was. "Mens weet mos nooit wanneer jy 'n sambreel nodig kry nie," sê Dewie se ma. "Hierdie Kaapse weer is so onvoorspelbaar. Voor jy weet, dop die wind 'n sambreel mos om. Breek dit flenters as die Kaapse Dokter waai, dan het jy 'n ander een."

Behalwe vir die paadjies tussen die goed, sien jy skaars die mat. Maar daaronder alles is 'n seëlversameling, briewe, rekeninge en registrasiepapiere wat mens dalk nog eendag gaan nodig kry. Rekords van geboortes, dope en begrafnisse. Ou skoolrapporte. Briewe van die skool. Strikkies, linte, gare, wol. Krale, oorkrabbertjies, horlosies – alles stukkend, maar te kosbaar om weg te gooi.

Gordyne. Hope daarvan. Opgevou. Opgebondel. Opgebrand deur die son, maar dalk kan dit 'n goeie vloerlap maak, so, ons hou dit.

Goed en goed en nog goed wat 'n lewe was en is en dalk sal wees.

'n Kombuis met bokse en bokse geblikte kos. Ontbytgraan, meel, blikkies sardiens, blikkies boeliebief, aangekoop op 'n uitverkoping. Spotgoedkoop omdat die vervaldatum naby is. "Te veel mense bekommer hulle mos oor 'n simpel ou datumpie," sê sy ma. "Dis alles 'n scam sodat jy jou goed moet weggooi."

Maar nie in hierdie huis nie.

ʼn Oorvol yskas wat lankal nie meer goed koud hou nie, staan ook in die kombuis. "Hierdie yskas sal jy nêrens weer kry nie. Eendag maak ons dit weer reg, jy sal sien," sê sy ma. Intussen sit sy nog plastiekbakkies, glase, koekies, koekiedrukkers, speserye ingeprop in nog plastiekbakkies, brilkassies, ʼn handbesem en skoppie daarin. Bo die stoof hang vadoeke, ʼn prentjie van ʼn kat, ʼn vergete resep vir plaatkoekies, ʼn foto van Dewie se pa en sy broer, Philip. Langs die stoof is nog vadoeke, resepteboeke – ʼn vergeelde *Kook en geniet*. Botteltjies met tandestokkies, blikkies met knope.

In die hoek is drie besems. Niemand kan dit daar sien nie, want dit is met sakke toegepak. Binne-in is klere, geërf van Dewie se oorlede ouma Rieks of in tweedehandse winkels gekoop. Gebreekte rakke vol gekraakte koppies, getjipte glase, gebarste pierings. Teepotte op die vloer. Teepotte op die yskas. Teepotte in die vensterbank. Wie drink so baie tee? "Eendag sal jy verstaan," sê Dewie se ma. "Laat jy net eers sien hoe duur goed word en jy dit dan nodig kry."

Nog kos in plastiekbakke. Ou melkbokse op die vloer. Spaghettibokse. Brood. Groen van die muf en weggesteek of wegvergeet agter ʼn speseryrak. Muisdrolletjies.

ʼn Badkamer waarin die bad tot by die plafon gepak is met pakke toiletpapier, handdoekrolle, bokse vol sepe, sjampoes, hondesjampoe. "Want dalk kry jy eendag ʼn hond en waarmee bad jy hom?"

Die deur kan skaars toe, want daar moet plek wees vir die bottels en bottels vol ammoniak, stortseep, skottelwasgoed, wasseep. Vir die bottels vol Jik en versagmiddels en aanmaakkoeldrank. Vir haarkleursel – drie vir die prys van twee, so, ons koop sommer nege en spaar. Mens sukkel die stortdeur net-net oop. Dáár is darem effense ruimte, al hang handdoeke

en seeprakke en nog sambrele oor die rand. Sit mens op die toilet, is jou knieë doer bo, want onder jou voete is bokse sneesdoekies en ’n gereedskapkas met ’n skaapskêr, hamers, skroewedraaiers, skroewe, boute, moere, tange, ’n boor, honderde boorpunte.

Die wasmasjien se deur kom heeltemal oop as jy dit ’n klein entjie oopmaak en dit dan hard genoeg teen die wasgoedmandjie vol sagte speelgoed druk. Hasies, beertjies, hondjies.

In sy ma se kamer: nog klere. Dit lê so op die vloer. Min hiervan dra sy. Maar die klere moet daar wees want dalk wíl sy dit dra. Uitverkopinggoed. Vyftig persent af. Vyf-en-sewentig persent af. Einde-van-die-seisoen-klere. Niemand-wil-die-gemors-koop-nie-klere, dan vat sy ma dit. Rokke sonder some. Broeke sonder ritssluiters. Bloese sonder knope. Geskeurde baadjies wat mens net moet regmaak, dan is dit so goed soos nuut. Truie wat dalk weer eendag in die mode sal kom, asof sy ma al ooit in die mode was.

Skoene en skoene en skoene.

Kouse en kouse en kouse.

Bra’s, broekies, hoede, truie, serpe. ’n Feetjierok. “Is dit nie te cute nie?” het sy ma destyds in die winkel gevra. “Dit sal ’n oulike geskenk vir ’n dogtertjie maak.” Wie se dogtertjie? wou Dewie nog weet, toe koop sy ma dit al.

Vir ander mense is daar ook geskenke. Dis ses maande voor die tyd gekoop, en daar is vergeet om dit te gee, of dit het weggeraak onder die ander goed.

Rolle vol geskenkpapier. Gebruikte en ongebruikte Kerspapier. Skilderye – vergete in kaste en bokse. Tydskrifte. Nog kos verby die vervaldatum, maar iewers diep weggepak onder geskeurde pajamas en opgebruikte lakens en pap kussings, agter ’n stukkende TV.

’n Tweede oefenfiets wat eintlik beter sal werk as die een in die sitkamer, want dié een het metertjies wat jou sê hoe ver jy gery het terwyl jy bly waar jy is.

’n Kleremakerspop wat iemand uitgegooi het. “Maar dit sal nog werk as jy net die agterkant ’n bietjie regmaak. Dan, Dewie, kan jy jou eie klere maak.” Daarom is daar ook die bokse vol ou patrone en materiaal. Die naaldwerkmasjien is ook iewers.

“Is dit dan nie stukkend nie, Ma?” het hy al gevra.

“Sulke ou masjiene breek nie. Mens maak dit net reg. Of jy gee dit ’n goeie diens. Jou ouma sal darem bly wees as haar ou naaimasjien nog gebruik word. Ná al die jare.”

Ook in die kamer: opeengestapelde meubels. Nog kos wat uit die blikke lek.

Stapels klere, ook op die bed.

En in die een hoekie van die bed, klein-klein, ’n plekkie waar sy ma kan slaap. As Dewie mooi kyk, kan hy die vorm van haar lyf nog sien.

Maar sy is nie hier nie.